| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL: SKRYF |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS**:

   **AFDELING A**: Opstel 50 punte

   **AFDELING B**: Transaksionele tekste (2 x 25) 50 punte

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A** en **TWEE** vrae uit **AFDELING B**.
3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.
4. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ’n breinkaart of vloeidiagram. Doen jou beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo aan jou skryfstuk neer. Die titel/opskrif word nie by die totale woorde ingereken nie.
9. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** bo aan die skryfstuk wat geassesseer moet word.
10. Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:

    **AFDELING A**: ongeveer 100 minute.

    **AFDELING B**: ongeveer 80 minute (40 minute per skryfstuk)

11. Skryf slegs in **BLOU** ink.
12. Skryf netjies en leesbaar.

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING A: OPSTEL

**VRAAG 1**

- Kies **EEN** van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van **400** tot **450** woorde.
- Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Een oggend met sonsopkoms … [50]

1.2 Moet nooit tou opgooi nie. [50]

1.3 **'n Ware vriend/vriendin is iemand wat alles van jou weet.** [50]

1.4 **Sal wesens van ander planete graag met aardbewoners kennis wil maak?** [50]

1.5 Ouers laat hulle kinders te veel vryheid toe. [50]


1.6 Bestudeer die onderstaande prente (1.6.1 tot 1.6.3) en skryf 'n opstel oor EEN. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.

1.6.1




*[Google images]* [50]

1.6.2



*[Google images]* [50]

1.6.3



*[Google images]* [50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf **180** tot **200** woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Jou oom/tannie herstel in die hospitaal na ’n ernstige motorongeluk.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

Gebruik die bostaande formaat en stuur ’n **e-pos** aan jou oom/tannie waarin jy hom/haar alle beterskap toewens. [25]

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou neef/niggie het ’n eerste plek in ’n kunswedstryd behaal en ’n foto van sy/haar skildery het in ’n koerant verskyn.

Skryf ’n **vriendskaplike brief** aan hom/haar waarin jy hom/haar vertel hoe trots jy op hom/haar is. [25]

2.3 **FORMELE BRIEF AAN DIE PERS**

Jy sien gedurig hoe rommel by motorvensters in die strate en langs die pad uitgegooi word.

Skryf ’n **formele brief aan die pers** waarin jy jou mening oor hierdie tipe van rommelstrooiïng lug.

Rig jou brief aan:

Die Redakteur
Die Dagblad
Posbus 452
Johannesburg
2000 [25]

2.4 **TYDSKRIFARTIKEL**

Die redakteur van 'n bekende tydskrif het jou gevra om 'n artikel oor skoliere wat opkikkers voor sportwedstryde gebruik, te skryf.

Skryf die **tydskrifartikel**. [25]

2.5 **AGENDA EN NOTULE**

Jy is deur die voorsitter van die Fikstrap-fietsvereniging gevra om die notule van die onderstaande agenda vir die jaarvergadering te skryf.

**AGENDA**

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoning en verskonings
3. Notule van die vorige vergadering
4. Sake uit die notule
   - 4.1 Nuwe fietswinkels
   - 4.2 Wenners van die vorige wedstryd
   - 4.3 Prysuitdelingsfunksie
5. Nuwe sake
   - 5.1 Finansiële verslag
   - 5.2 Nuwe fietsroetes
   - 5.3 Fondsinsameling
6. Algemeen
   - 6.1 Werf van nuwe lede
   - 6.2 Bemarking
7. Datum van volgende vergadering
8. Afsluiting [25]

2.6 **FORMELE TOESPRAAK**

'n Plaaslike laerskool het jou gevra om 'n toespraak tydens die jaarlikse prysuitdelingsfunksie te lewer.

Skryf die **formele toespraak**. [25]

**TOTAAL AFDELING B: (25x2) [50]**

**GROOTTOTAAL: [100]**